

Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 5

> *Daarom, as iemand in Christus is, is hy ’n nuwe skepping. Die ou dinge het verbygegaan – kyk, hulle het nuut geword. (2 Kor 5:17 AFR2020)*

Die hartseer van die lewe is dat ’n mens ontgogel word, en

niks nuuts jou meer opgewonde maak nie. Jy het dit al beleef, soos die Engelsman sal sê: *Been there, done that.* Of, as ’n mens nou meer Bybels wil klink, kan jy saam met die Prediker sê: *Daar is niks nuuts onder die son nie.*
Miskien het jy al te veel kere in die lewe teleurstellings beleef. Jy droom nie meer oor die lewe of die toekoms nie. Jy leef nie meer met hoop nie. As jy só voel, is hierdie Bybelgedeelte spesiaal vir jou bedoel. Want jy hoef nie so moedeloos oor die lewe te wees nie. Goed, mense kan jou teleurstel. Maar dis nie waar jy hoop moet soek nie. Soek dit in God. Hy laat Hom nie keer deur teleurstellings en hopeloosheid nie.
Paulus het alles van hierdie nuwe toekoms geweet wat God vir ’n mens kan bewerk. Hy, wat eers ’n vervolger van die kerk was, word die grootste sendeling, want God het hom verander en nuut gemaak. Hy skryf daarvan in vers 17.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026